

Dag 5: Die Here se lied oor Sy wingerd (Jes 5:1-30)

KERNBOODKSKAP:

Die HERE het jou as loot van Sy wingerd uitgekies om in Hom te bly en blywende vrug te dra. As jy wilde vrugte dra: Wee jou, want jy gaan hoor: Daarom!

1. Die Here se lied oor Sy wingerd, deel 1

- a. Edeldruive geplant, maar wilde druive gelewer (5:1-2)
- b. Besleg tog, wat moet Ek nog doen? (5:3-4)
- c. Die Here het hom verlustig en gewag... (5:7)

2. Die wingerd hoor 6 keer: "Wee hulle!" (5:1-7)

- a. Wee hulle 1: Die wingerd soek meer en meer vir homself in plaas van om vrug te gee (5:8-10)
- b. Wee hulle 2: Die wingerd drink sy eie vrug en sien nie die werk van Sy Eienaar nie. (5:11-17)
- c. Wee hulle 3: Die wingerd soek druive buite seisoen (5:18-19)
- d. Wee hulle 4: Die wingerd kan nie meer onderskei tussen goeie en slegte druive nie (5:20)
- e. Wee hulle 5: Die wingerd dink hy is die Wynstok (5:21)
- f. Wee hulle 6: Die wingerd, bedwelm van sy eie vrug, ontnem goeie vrug hul reg (5:22-23)

3. Die wingerd hoor 4 keer: "Daarom!"

- a. Daarom 1 (Jes 5:13)
- b. Daarom 2 (Jes 5:14-17)
- c. Daarom 3 (Jes 5:24)
- d. Daarom 4 (Jes 5:25-30)

4. Die Here se lied oor Sy wingerd, deel 2

- a. Daarom gaan Ek... (5:5-6)
- b. Op daardie dag, 'n pragtige wingerd (Joh 15:1, Jes 27:1-4)

SLOT

1. Dink jy die vrugte wat die HERE jou laat dra is vir jou? Wee jou!
2. Is jy bedwelm van al die vrug wat jy drink? Wee jou!
3. Soek jy druive buite seisoen? Wee jou!
4. Kan nie meer onderskei tussen goeie en slegte druive nie? Wee jou!
5. Dink jy jy is die Wynstok in plaas van die loot? Wee jou!
6. Onthou jy ander van die vrug wat hul toekom? Wee jou!

As jy nie binnekort die "Daarom gaan Ek!" wil hoor nie, bly in die Wynstok, vra na Sy wil sodat jy vrugte kan dra wat Hom verheerlik en op daardie dag steeds deel kan wees van sy pragtige wingerd.